

1. LEEF: Handelinge 2:41-46

VERWELKOMING:

5 MIN

YSBREKER:

20 MIN

Stuur 'n pak *Salticrax* (of enige tipe southappie) in die groep om. Laat elkeen eers vertel wat dit beteken om sout vir die wêreld te wees voordat hy/sy die koekie opeet. As daar genoeg koekies en tyd is, doen 'n tweede rondte.

AANBIDDING:

5 MIN

Kom bewustelik in God se teenwoordigheid in aan die hand van **Psalm 136:1-16**.

Gaan in die kring om: elkeen bid 'n eerste deel van 'n vers, en dan bid almal hardop saam die "koor"-gedeelte ("Aan sy liefde is daar geen einde nie").

Loof die Here, want Hy is goed - *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

Loof die oppermagtige God - *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

Loof die magtigste van alle maghebbers - *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

Hy het magtige dade gedoen, Hy alleen - *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

Hy het die hemel met soveel insig gemaak - *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

Hy het die aarde op die waters gevestig - *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

Hy het die groot hemelligte gemaak - *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

die son om te heers oor die dag - *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

die maan en die sterre om te heers oor die nag - *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

Hy het die Egiptenaars getref met die dood van hulle eersgeborenes - *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

en Israel onder hulle uitgelei met Sy groot mag en krag - *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

Hy het die Rietsee in twee gekloof - *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

en Israel daar deur laat trek - *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

maar die farao met sy leërmag in die Rietsee gestort - *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

Hy het sy volk deur die woestyn laat trek - *Aan sy liefde is daar geen einde nie.*

Amen

BYBELSTUDIE:

35 MIN

Lees Handelinge 2:41-46 in *Die Boodskap*. Laat elkeen in die groep een vers hardop lees.

41 Na Petrus se woorde het 'n groot aantal mense, omtrent 3 000, tot bekering gekom. Daarna is hulle gedoop. 42 Van toe af het hierdie nuwe gelowiges gereeld bymekaargekom om te hoor wat die apostels leer. Hulle het nou in 'n splinternuwe verhouding met God en met mekaar gestaan. Hulle het ook gereeld saamgeëet en saamgebied. 43 Die apostels het groot wonderwerke onder hulle gedoen.

Al die gelowiges het groot eerbied vir God gehad. 44 Hulle liefde vir Hom en vir mekaar het hulle in 'n hegte eenheid saamgesnoer. 45 Daarom was hulle bereid om selfs hulle besittings met mekaar te deel. Hulle het alles verkoop wat hulle besit het en die geld vir die armes gegee. 46 Dag na dag het hulle ook na die tempel toe gegaan om God daar te aanbid. Hulle het ook by verskillende huise saamgeëet. Hierdie maaltye was glad nie uitspattig nie. Al die gelowiges was vol vreugde. 47 Hulle het God heeltyd geprys omdat Hy so groot en goed is. Die gelowiges se lewenstyl het die ander mense in Jerusalem aangegryp. Almal het daarvoor gepraat. Daarom het daar elke dag baie mense tot geloof in Christus gekom.

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.
- “Die gelowiges se lewenstyl het die ander mense in Jerusalem aangegryp.” (vers 47). Watter lewenstyle gryp jou vandag aan?
- Hoe dink jy het hulle geleef dat dit die mense aangegryp het?
- Ons lees dat die gelowiges:
 1. Gereeld bymekaargekom het
 2. Gereeld saamgeëet het
 3. Gereeld saamgebid het
 4. Besittings met mekaar gedeel het
 5. Armes gehelp het
 6. Saam erediens gehou het in die tempel
 7. By mekaar se huise bymekaargekom het
 8. Vol vreugde was
 9. God heeltyd geprys het



Wat, dink julle, het die mense van daardie tyd aangegryp? Wat sal mense vandag aangryp?

- Gryp jou lewe AS CHRISTEN mense aan? Wat kan jy doen dat dit so is?
- Wat kan julle doen om mekaar hiermee te help?
- “Om vis te vang, moet jy gaan waar die visse is en aas gebruik wat hulle nadertrek”. Hoe is dit op ons as Christene van toepassing?

DIENSWERK:

5 MIN

Daar is soveel armes dat dit dikwels vir 'n mens voel asof jou klein bydrae geen verskil gaan maak nie. Tog is dit nie hoe God se somme werk nie. Hy verwag van jou om te help waar jy kan. Miskien is daar iemand waarvan jy weet of wat julle as groep kan identifiseer wat tans hulp nodig het. Besluit watse hulp nodig is en bied dit aan. Voorbeelde: Wat van 'n bord warm sop vir die hekwag van die kerk of 'n warm baadjie teen die winterkoue?

GEBEDSRIGLYN:

10 MIN

- Dank die Here vir hierdie byeenkoms
- Bid dat God deur sy Gees ons sal vorm om regtig lief te wees vir ander
- Bid vir mekaar en vir die tyd wat voorlê totdat ons as groep weer bymekaarkom

